<p>Prof. Johan Malan

As ons nie bereid is om te sterf vir die w&#65533;eld, die vlees en die sonde nie, kan ons
nie bruikbare dissipels van Jesus word nie. In s&#65533;&#65533;n toestand sal ons &#65533;alleen&#65533; en
&#65533;onvrugbaar&#65533; wees en nie aan ons doel as Christene beantwoord nie. Die Here
Jesus het ges&#65533;
&#65533;Voorwaar, voorwaar Ek s&#65533;vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie,
bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug&#65533; (Joh. 12:24).
Daar is &#65533;n baie belangrike stap wat enige Christen moet neem voordat hy werklik vrugte
kan dra wat by die bekering pas, en dit is die stap van verootmoediging (selfontlediging)
en &#65533;n volle oorgawe aan die Here. Die Here Jesus het sy dissipels beveel om &#65533;n tyd lank
in gebed en selfondersoek op die vervulling met die Heilige Gees te wag voordat hulle
vir Hom kon begin werk:
&#65533;En Hy s&#65533;vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag
uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word
aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En
kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly
totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte&#65533; (Luk. 24:46-49).
Die dissipels was in hierdie stadium reeds gered en het deur die Heilige Gees die vrede
van sondevergifnis geken. Op die aand van sy opstandingsdag het die Here Jesus in
hulle midde verskyn en ges&#65533; &#65533;Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur ek
julle ook. En nadat Hy dit ges&#65533;het, blaas Hy op hulle en s&#65533;vir hulle: Ontvang die Heilige
Gees&#65533; (Joh. 20:21-22). Net een dissipel, nl. Thomas, was in daardie stadium ongelowig
en het nie hierdie eerste byeenkoms bygewoon nie. Die volgende Sondag was hy egter
by en het uitdruklik sy geloof in die Here Jesus bely (Joh. 20:24-29).
Ten spyte van hul geloof in Christus, wat slegs deur die inwerking van die Heilige Gees
moontlik is (1 Kor. 12:3), het die dissipels nog nie die volheid van die Heilige Gees se
krag gehad nie. N&#65533;tien dae van verootmoediging en gebed is die Heilige Gees egter
uitgestort en is die belofte van vervulling met krag uit die hoogte in hulle lewens vervul:
&#65533;Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies
wees in Jerusalem sowel as in die hele Jud&#65533; en Samaria en tot aan die uiterste van die
aarde&#65533; (Hand. 1:8).
Vandag geld dieselfde re&#65533; van verootmoediging en gebed voordat ons met die
instaatstellende krag van die Heilige Gees vervul sal word. Ons m&#65533;t sterwe aan onsself
sodat God se Gees volle beheer oor ons lewe kan verkry. Ons het w&#65533; in beginsel vir die
ou lewe gesterf toe ons weergebore is (Gal. 5:24), maar by die

volle oorgawe pas ons
hierdie beginsel daadwerklik toe deur niks te word nie en die volle beheer van ons lewe
aan die Here oor te gee. Die vlees (die ou, sondige natuur) is deur die mag van die
gewoonte gevestig, en wil voortgaan om die dominante lewensbeginsel in ons te wees.
Voordat innerlike heiligheid ook uiterlike heiligheid kan wees, moet die vlees, of eie-ek,
eers oorgelewer word om gekruisig te word. Die koringkorrel van die selflewe moet
sterwe, sodat die Gees my kan vervul en ek veel vrug vir die Here kan dra. Hierdie
selfverlo&#65533;ing en kruisiging van die ou lewe is &#65533;n absolute voorwaarde vir dissipelskap.
Die Here Jesus het ges&#65533;
&#65533;As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verlo&#65533; en sy kruis elke dag opneem
en My volg&#65533; (Luk. 9:23).
Aan die ander kant is dit &#65533;n absolute diskwalifikasie vir dissipelskap indien iemand sou
nalaat om homself te verootmoedig en die ou lewe te kruisig: &#65533;En elkeen wat sy kruis nie
dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie&#65533; (Luk. 14:27).
Hoe verlo&#65533; ek myself? Paulus s&#65533;hy roem nie in homself nie, maar in die kruis van die
Here Jesus, &#65533;deur wie die w&#65533;eld vir my gekruisig is en ek vir die w&#65533;eld&#65533; (Gal. 6:14).
Paulus roem nie in homself en sy prestasies nie, maar net in die kruis van die Here
Jesus. In &#65533;n volle oorgawe l&#65533;hy die ou lewe af sodat hy saam met Christus kan sterf
(Gal. 2:20). Saam met dit l&#65533;hy ook sy liefde vir die w&#65533;eld af sodat daar &#65533;n kruis tussen
hom en die w&#65533;eld ingeplant kan word en hy net vir Christus as wins kan verkry (Fil. 3:7-
8).
Baie min Christene is werklik bereid om aan hulleself en vir die w&#65533;eld te sterf. Hulle wil
die beste van twee w&#65533;elde h&#65533; daarom probeer hulle ook om twee here te dien. Dit is
egter totaal onmoontlik om die vlees en die w&#65533;eld te behaag, &#65533; daarmee saam ook die
Here Jesus te behaag. Die vlees (die ou lewe) en die Gees (die nuwe lewe) is totaal
onversoenbaar omdat hulle wesenlik teenoor mekaar staan: &#65533;Want die vlees begeer teen
die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan
doen wat julle wil nie&#65533; (Gal. 5:17).
Dit is eers nadat ek in &#65533;n volle oorgawe die kruis van selfverlo&#65533;ing en selfsterwe
opgeneem het, dat die Here my met sy Heilige Gees sal vervul. Dan het ek die krag om
die volgende opdrag uit te voer: &#65533;Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die
begeerlikheid van die vlees volbring nie&#65533; (Gal. 5:16).
Die Korinthi&#65533;s was nie Geesvervulde Christene nie en kon glad nie die Here dien deur
vrug te dra wat by die bekering pas nie, omdat hulle nog in die vlees was (1 Kor. 3:1-3).
Die ongekruisigde vlees was &#65533;n struikelblok in hulle lewe. Die Gal&#65533;i&#65533;s het die Here net
&#65533;n

rukkie lank in die krag van Gees gedien, en toe weer in &#65533;n vleeslike lewenswyse
teruggeval (Gal. 3:3). By die Hebre&#65533;s het soortgelyke geestelike stagnasie ingetree,
daarom was daar geen geestelike groei en vrugbare diens in die Here nie (Heb.
5:12&#65533;6:1).
Het jy al in jou lewe by die punt van &#65533;n ware selfverootmoediging en selfkruisiging
gekom? Indien nie, dan het jy nog nie ernstig op die Here gewag totdat Hy jou met krag
uit die hoogte vervul nie. As die koringkorrel nie sterf nie, bly dit alleen. As jy by redding
uit genade volstaan en nie ernstig na heiligmaking soek nie, kan jy nie &#65533;n godvrugtige
lewe lei nie. Jy sal alleen bly en eendag met le&#65533;hande voor die Here staan &#65533; gered asof
deur vuur heen (1 Kor. 3:15). S&#65533;&#65533;n persoon se probleem is dat hy nie weet dat hy &#65533;n
tempel van die Heilige Gees is, en dat die Gees hom wil bekragtig om veel vrug te dra
nie (1 Kor. 3:16).
Indien jy reeds met die Heilige Gees vervul is en daarna in die genade veragter het
(Heb. 12:15), kan jy weer met die Heilige Gees vervul word. Oor s&#65533;&#65533;n tweede vervulling
van die dissipels lees ons: &#65533;Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord
van God met vrymoedigheid gespreek&#65533; (Hand. 4:31). Hulle sal nie met le&#65533;hande voor
die Here verskyn nie.</p>